


# 'n Plan om kinders gelyk te laat erf

Baie boere sit met die dilemma van een kind wat die plaas gaan erf en die ander kinders wat ná sy dood min of niks gaan kry nie. Daar is egter 'n eenvoudige manier om vir ál die kinders voorsiening te maak.

'n Boer daar uit die Noorde (ek is in die Kaap en enige plek anderkant Bellville is vir my "Noorde") bel nou die dag om te vra oor die uitstekende beleggingsgroei waarna ek in 'n vorige rubriek verwys het. Hy wil graag ook so belê.

Gereelde lesers sal dit seker onthou: My voorbeeld was 'n R10 000-belegging in 1974 wat nou, sonder om enige verdere bedrae by te voeg, sou gegroei het tot R37 miljoen – genoeg vir die meeste mense om af te tree. Die punt was om die geweldige krag van toegevoegde rente te verduidelik, anders gestel, groei op groei. En natuurlik om in die regte fonds te belê.

Wat die boer toe wou weet, is of hy vir my R10 000 kon gee om vir sy seun te belê sodat dié wanneer hy die dag oor so 30-plus jare aftree, darem 'n vergelykbare neseier sal hê. Natuurlik kan 'n mens probeer om 'n soortgelyke opbrengs te kry as jy reg belê. Maar hier is nou twee sake wat ek dink ons vandag moet bespreek – die belegging en die rede vir die belegging. Vir my is laasgenoemde belangriker.

Eers die belegging: 'n Bedrag van R10 000 toe en R10 000 vandag is net nie dieselfde nie, dit weet almal van ons wat al grys hare het. As ek boonop my sommetjies reg maak en kom ons sê die seun wil oor 30 jaar aftree met 'n pensioen wat vandag R20 000 per maand werd is en die inflasiekoers bly op 7%, dan praat ons van R152 245 per maand se aftreegeld. Om daarby uit te kom, sal hy vir sy seun, as hy op 65 wil aftree, nou R40 000 moet belê. Dit is as ons dieselfde groeikoers in my voorbeeld hierbo van 23% kan kry. As ons net 10% kry, sal hy R826 501 moet belê.

Dit is die sommetjie-speletjies, hoewel beplanning vir aftrede nie speletjies is nie – dit is 'n baie ernstige saak. Maar waarby ek wil uitkom, is die eintlike rede vir die boer se vraag. Hy het sleg gevoel dat sy een seun 'n plaas van R14 miljoen gaan erf en die ander een, die een vir wie hy nou vir aftrede wil spaar, niks. Dis toe dat hy *Landbouweekblad* lees en bel om te hoor of ek kan help dat hy dinge regmaak. Dalk met so 'n R10 000-belegging, synde dit vir hom 'n bekostigbare uitweg bied.

Nou kyk, die meeste van my kliënte is boere. En ek weet presies van hierdie dilemma: Een plaas, baie kinders. En in die meeste gevalle ook nie baie spaargeld nie, alles in die boerdery ingeploeg deur die jare (hier en daar darem 'n sekere Duitse sedan of 'n Japanse viertrekvoertuig ingewerk). Maar hulle is vir al die kinders ewe lief en wil hulle gelyk laat erf.

Laat ek nou net eers uit ervaring met eie kliënte se kinders 'n vriendelike waarskuwing rig: Jou dood en enigiets met 'n geldwaarde wat nie baie duidelik bepaal wie kry wat nie, maak dat liefde tussen kinders by die deur uit vlieg. Selfs waar alles vir hulle gereël is – hulle hoef net terug te sit en pa se arbeidsvrugte saam te geniet – wil die een meer as die ander hê, vertrou niemand mekaar nie en gun hulle mekaar niks. En word daar later deur prokureurs met mekaar gepraat. En nou praat ek nie eens van mense wat niks het nie, dit is nogal mense wat ewe neus in die lug loop oor hul aardse besittings en sosiale "status".

Maar terug by die probleem. 'n Vriendin vertel dat haar pa, 'n suksesvolle wingerdboer, alles net so vir die broer gelaat het, 'n plaas van miljoene rande en 'n seker inkomste vir hom en sy vrou vir die res van hul natuurlike lewe. En as die seun sterf, erf dié se vrou die plaas of kry sy minstens 'n lewenslange vruggebruik. Die pa se eie dogter moes, volgens sy redenasie, maar 'n man gaan soek om vir haar te sorg, of selfsorg toepas.

Dit kan mos nie reg wees nie. Ek dink dít is wat die boer uit die Noorde se probleem juis was. Die vraag is nou of hy die regte oplossing het. Enersyds kan ek meegevoel hê, want ek kan dink hoe moet 'n pa voel. Andersyds wonder ek of hy nie maar 'n "sousie" oor sy probleem wil gooi om dit meer verteerbaar te maak nie. 'n Bedrag van R10 000 nou en 'n plaas van R14 miljoen is nie dieselfde nie en kan nooit dieselfde wees nie. As al twee oor 30 jaar met 10% per jaar groei, is die een R174 494 werd en die ander R244 291 631. Jy kan nooit inhaal nie.

Die antwoord en oplossing is voor die hand liggend. Ek het vir hom lewensversekering voorgestel. Dit is die goedkoopste en sekerste manier om finansiering te bekom, want dood sal jy gaan. Laat ek net waarsku: Moet nou nie vir elke kind 'n polis van R14 miljoen gaan uitneem nie. Onthou, die een wat die plaas erf, erf 'n werk. Hy erf nie R14 miljoen nie.

Jonger boere kan natuurlik dieselfde doen, maar hulle kan ook betyds geld begin wegsit, hoewel ek steeds lewensversekering sal inbring – net vir ingeval jy nie so lank leef as waarvoor jy hoop nie. LB

**Nico van Gijsen** *is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy wat by die Finansiële Diensteraad gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.*